

Die hoop beskaam nie: Die N G Kerk se rol ten opsigte van versoening, armoede en morele herstel

P G J Meiring¹

(Universiteit van Pretoria)

ABSTRACT

Hope does not embarrass: The NG kerk's role in reconciliation, poverty and moral restoration

The year 2001 was declared by the Dutch Reformed Church (N G Kerk) as the "Year of Hope". The author, chairperson of the church's Committee for Reconciliation, Poverty and Moral Repair, reports on the preparations and the expectations for the Year of Hope. Hope, he contends, is far more than mere optimism, it is living in a close relationship with Christ, who indeed is our Hope, following in his footsteps in the world of today. The church's hope should be concretised in its kerugma (in preaching as well as in the development of a Theology of Hope), its diakonia (its service to the poor and needy, especially to Aids-victims and their families), its koinonia (the church being a preparing community, a sign and a sacrament of the Kingdom), and in its leitourgia (the way in which we offer our lives to God as a living sacrifice to his glory). To illustrate his points, the author uses metaphors created by both Søren Kierkegaard and Lesslie Newbiggin.

"Die Kerk is aan die wêreld hoop verskuldig. Hoop vir hierdie wêreld en hoop vir die uiteindelijke, nuwe wêreld. Omdat die Kerk weet dat sy nou reeds 'n gevolmagtigde getuie vir die komende orde is, moet sy nou reeds tekens van die koninkryk oprig. Omdat sy weet dat die poorte van die hel haar nie sal oorweldig nie, kan sy die onmoontlike waag. Omdat sy leef vanuit die "Kyk, Ek maak alles nuut" (Op 21:5), kan sy nou reeds met die nuwe 'n begin maak" (David Bosch 1979:246).

In 1854 het die Deense filosoof-teoloog Søren Kierkegaard 'n merkwaardige verhaaltjie in sy *Joernaal* opgeteken. Dit handel oor *Die Plaasganse*.

¹ Professor Meiring is voorsitter van die VAM-Kommissie van die N G Kerk. Die referaat is tydens die Predikantedag met die opening van die Fakulteit Teologie gelewer (29 Januarie 2001).

Verbeel jou een oomblik, vertel Kierkegaard, dat ganse ook kan praat – en dat hulle ook daaraan gewoon geraak het om Sondae kerk toe te gaan om te aanbid. Elke Sondag het die groepie ganse op die plaas bymekaargekom. 'n Groot mannetjies-gans was die predikant. Elke Sondag het hy ongeveer dieselfde preek herhaal: oor die heerlike bestemming wat op alle ganse wag, oor die verhewe doel waarvoor die Skepper hulle gemaak het. Elke keer as Dominee Gans die naam van die Skepper noem, het al die wyfieganse 'n deftige kniebuiging gemaak. Die mannetjies-ganse het hul koppe eerbiedig gebuig. Hulle moet leer om hul vlerke te gebruik om te vlieg, om na die ver groen lande wat hul eintlike tuiste is, te vertrek. Per slot van rekening, was die predikant lief om te beklemtoon, was alle ganse maar net pelgrims hier op aarde.

So het dit Sondag na Sondag op die plaas gegaan. Ná die diens het die ganse mekaar vriendelik gegroet en teruggewaggel huis toe, na die plaasdam, net om die volgende Sondag weer kerk toe en huis toe te waggel. Verder het hulle nooit gekom nie. Hulle het vet geword, mooi en smaaklik, en toe dit kerstyd geword het, is 'n klompie van hulle netjies geslag en het hulle op die boer se tafel beland.

Jaar in en jaar uit was dit die patroon. Verder as die plaas het nie een van die ganse gekom nie. Want terwyl hul gesprekke Sondae verhewe en vroom was, het hulle op Maandae vrolik die spot gedryf met die één gansie wat op 'n dag die dominee se boodskap ernstig opgeneem het en wat – ten spyte van baie teenslae – tog probeer het om die vlerke wat die goeie Skepper aan hom gegee het, te gebruik. Natuurlik het die ganse die teenstrydigheid besef. Maar op Sondae het nie een van hulle, terwyl hul kerk toe gestap het, daaroor durf praat nie. Om dit te doen sou beteken dat hulle toegee dat hulle sowel God as hulleself bedrieg.

Onder die ganse was daar 'n groepie wat maer en siek en taamlik verwaarloos daar uitgesien het. "Sien", het die ander gesê, "dis wat gebeur as jy die vlieëry te ernstig opneem. Dis van al die gemediteerdery oor hoe om hul vlerke te gebruik, hoe om te vlieg, dat hulle daar so miserabel en uitgeteer uitsien. Almal kan tog sien dat hulle nie so deur die Skepper geseën word soos ons nie. Dis tog duidelik waarom ons so mooi vet en smaaklik lyk".

Die volgende Sondag het die ganse weer afgesit kerk toe. Dominee Gans het andermaal oor die heerlike doel waarvoor die Skepper hulle gemaak het gepreek, oor die vlerke wat hulle ontvang het om mee te vlieg. Die mannetjies-ganse het by die aanhoor van die heilige naam eerbiedig hul koppe geknik. Die wyfieganse het oudergewoonte 'n kniebuiging gemaak.

Presies net so, het Kierkegaard geskryf, maak Christene nog al die jare....

1 DIE SINODE VAN 1998

'n Eeu en 'n half later (Oktober 1998) het die Algemene Sinode van die N G Kerk vir die soveelste keer in sy bestaan byeengekom. Die broers en susters-afgevaardigdes het hul plekke in die sinodesaal in Pretoria ingeneem. Die pasverkose moderater het pas die eerste sake op die agenda aan die orde gestel, toe een van die afgevaardigdes 'n spesiale mosie voor die sinode gelê het. Die agenda is dik en volledig, met lang verslae oor alles en nog wat, was sy argument, maar daar is min in die sinodestukke oor wat lidmate kan doen om in die samelewing betrokke te raak. Wat verwag die Here van ons, in ons land en ons omstandighede? Soveel dinge het die afgelope jare in Suid-Afrika gebeur wat lidmate tot dankbaarheid kon stem. Maar daar was – ongelukkig – ook meer as genoeg dinge wat hulle bang en verward gelaat het. Is daar iets wat die kerk kan sê en doen wat werklik 'n verskil sal maak? Watter hoop het ons vir ons lidmate – en hoe kan die hoop in dae omgesit word? “Die sinode”, het die mosie gelui, “moet sy verantwoordelikheid aanvaar om saam met ander kerke in die land aan die volgende sake dringend aandag te gee: die bevordering van versoening, die bekamping van armoede, sowel as die verval van morele waardes in die land”. Op versoek van die voorsteller het die sinode besluit om 'n ad hoc-kommissie aan te stel om die kerk so spoedig moontlik met praktiese voorstelle in dié verband te dien (Verslag, Bylae A 2000:1).

2 DIE VAM-KOMMISSIE

Die Kommissie vir Versoening, Armoede en Morele Herstel (die VAM-Kommissie) het reeds tydens die sinodesitting sy eerste vergaderings gehou om oor sy opdrag en sy werkswyse te besluit. In die twee jaar wat daarop gevolg het (1999-2000), het die kommissie dikwels byeengekom, nie soseer om te praat nie, maar veral om te luister. Want, het die lede vir mekaar gesê, voordat ons voorstelle op tafel kan lê, moet ons weet wat in ons land gebeur, het ons die raad en die insig van ander nodig. Talle adviseurs is genooi om die kommissie te woord te staan: verteenwoordigers van ander kerke, ekonome, sosioloë, politici, filosowe, joernaliste, mense wat die NG Kerk in die verlede goedgesind was, sowel as dié wat bra krities teenoor die kerk gestaan het. Aan elkeen is drie vrae gestel:

- Wat is op die oomblik in ons land aan die gebeur?
- Wat is daar wat kerke in die verband kan doen?
- Wat kan die NG Kerk, gegewe sy besondere - dikwels pynlike - geskiedenis, doen?

Uiteindelik het die kommissie sy verslag aan die Algemene Sinodale Kommissie gereed gehad: “Ons raadgewers, ook ons kritici van die verlede”, het hulle gerapporteer, “het vir ons één boodskap deurgegee: ‘Julle hoef nie langer in sak en as te sit nie. Die tyd het gekom dat ook die NG Kerk sy kop optel – en dat die lidmate van die kerk oral in die land betrokke raak. Ons het julle nodig. Kom help ons om die groot probleme waarmee ons almal worstel, hok te slaan’”.

'n Tweede, belangrike, oortuiging is deur die VAM-kommissie aan die orde gestel: Dit is duidelik, het hulle gesê, “dat die rol wat die eens magtige NG Kerk in die vorige politieke bedeling gespeel het, sal moet verander. Waar die kerk in die verlede dikwels 'n *profetiese* rol gespeel het, nie gehuiwer het om sy standpunte luid en duidelik bekend te maak nie, sal die kerk in die jare wat kom veral 'n *priesterlike* rol – die rol van 'n *dienskneg* – moet aanvaar. Soos wat die Here Jesus gedoen het sal ons ook moet leer om skottels te vat, voorskote om ons middels te bind, om ons mede-Suid-Afrikaners se voete te begin was”.

Op aanbeveling van die VAM-kommissie het die ASK besluit om die jaar 2001 as die “Jaar van Hoop” vir die NG Kerk te proklameer, die jaar “waarin al die lidmate van die kerk hul koppe gaan optel, om met hoop en oortuiging na buite te beweeg – die jaar waarin ons ons hoop in aksie gaan omsit. 'n Groot fonds gaan in die lewe geroep word waaruit talle projekte in die verband gesteun gaan word” (Verslag, Bylae C 2000:1 vv).

3 JAAR VAN HOOP?

'n Wonderlike ideaal, sou 'n mens kon sê. Maar watter kans is daar dat dit bewaarheid sal word, dat hoop in die kerk en in die samelewing losgelaat word? Sal ons, om Kierkegaard se beeld te gebruik, ooit die ganse aan die vlieg kan kry? Of gaan dit by kopknik en kniebuigings bly?

Dat Suid-Afrika hoop nodig het, sal elke Suid-Afrikaner geredelik toegee. Nadat die eerste jare van opwinding verby is, die glans van die Nuwe Suid-Afrika en die reënboognasie verdof het, het talle op moederverloer se vlakke beland. Ook diegene wat aanvanklik optimisties was, het tweede gedagtes begin kry.

In 'n onlangse artikel het Wilhelm Jordaan die situasie raak geteken:

“Dat die Suid-Afrikaanse samelewing beleef word as tot in die murg toe siek en getraumatiseerd, is op verskeie maniere aantoonbaar,” skryf hy. Met verwysing na die wydlopende geestesgesondheidskrisis teken hy 'n somber prent: “Sielkundiges en beraders praat van gevaarlike hoë stresvlakke, wit mans wat ontman voel

deur wat hulle beleef as die degradering van die man; mishandelde vroue en kinders; swart mense wat politiek bemagtig is, maar sukkel om die stres van prestasielewering te hanteer; uitsigloosheid onder jong mense; gesinsverbrokkeling; en die toenemende voorkoms van post-traumatische stres en chroniese moegheid. Geweld, misdaad, armoede en dwelmverslawing en gereelde voorvalle van rassspanning voltooi die beeld van 'n siek samelewing.”

“Dit alles word verswaar deur 'n groeiende morele krisis. Die duidelikste teken hiervan is die afwesigheid van 'n burgerlike norm, of maatskaplike kontrak van verbondenheid aan en verpligting teenoor die samelewing. Dit maak dat veel mense hulle nie gebind voel aan reëls, regulasies en wette nie, en ook nie persoonlik verantwoordelikheid aanvaar vir hul optrede en uitsprake nie. Een van die hoofsimptome van 'n gebrekkige burgerlike norm is groeiende hebsug. By baie swart mense neem dit die vorm aan van 'n slagoffermentaliteit om te neem wat jy kan kry omdat jy vantevore daarvan ontnem is, en by vele wit mense 'n uitbuittingsdrif om te vat wat daar is terwyl dit nog dáár is. Sonder 'n burgerlike norm, vertoon die samelewing al meer die eienskappe van wat die filosoof Thomas Hobbes lank gelede beskryf het as die mens in *natuurlike staat*: selfgesentreerd, vereensaam, brutaal, gevul met eiebelang en onseker oor die toekoms.”

“Alles saam geneem, is daar 'n gebrek aan toekomsvertroue, gedra deur ambivalente gevoelens, sinisme en ontnugtering. En dit vernietig 'n samelewing se hoop op en ywer vir iets beters net so effektief as wat geweld en misdaad dit doen” (*Rapport*, 2001, 15).

Het die kerk 'n oplossing vir hierdie siekte? Is daar 'n kans dat die kerk in so 'n situasie kan inbeweeg met 'n fakkel van hoop? Kan die kerk sy lidmate wat op moederloosheid se vlakke sit, inspireer om op te staan om 'n verandering te weeg te bring, om die stres, die angs, die misdaad en geweld, die groeiende korrupsie en hebsug hok te slaan? “Die kerk is aan die wêreld hoop verskuldig. Hoop vir hierdie wêreld en hoop vir die uiteindelijke nuwe wêreld”, lui die gevleuelde woorde van David Bosch bo-aan hierdie artikel. “Die kerk”, was Bosch lief om te sê, “is geroepe om aan die een kant tekens van God se oorwinning, van sy hoop, op te rig. Aan die ander kant moet die kerk *self* 'n teken wees ‘wat midde-in die winter van die wêreld God se amandel-bloei is, die groot teken dat die Somer aan die kom is’” (Meiring 1989:3).

Maar is die NG Kerk – om maar die hand in eie boesem te steek – daartoe in staat? Dis ongelukkig nie vanselfsprekend dat die NG Kerk – enige kerk – hierdie rol sal vervul nie. Enkele jare gelede het die sosioloog O R Whitley die resultaat van sy navorsing oor die rol wat 'n groot

groep kerke in die Amerikaanse samelewing speel, in 'n boek met 'n interessante titel gepubliseer: *The Church: Mirror or Window?* Die kerk, het Whitley verduidelik, het 'n keuse tussen twee rolle, dié van 'n spieël of dié van 'n venster. Die kerk is dikwels nie veel meer as 'n spieëlbeeld van die samelewing nie: al die pyn en frustrasie, al die magteloosheid en vooroordeel, al die sinisme en onreg wat die samelewing siek maak, is net so in die kerk te vinde. Maar dit hoef nie so te wees nie. Die kerk kan ook 'n oop venster wees waar 'n moedeloosheid en vasgedraaide wêreld kan gaan staan om nuwe perspektiewe te kry, om asem te haal. Om weer te hoop, in plaas van te wanhoop.

Met die aankondiging van die Jaar van Hoop het die NG Kerk die tweede rol gekies. En aan planne ontbreek dit ook nie. Die vier kwartale van 2001 gaan aan verskillende sake gewy word:

- Gedurende die eerste kwartaal moet *die gemeentelike geïnspireer en opgeroep word* om betrokke te raak, om hul verantwoordelikheid in die samelewing te aanvaar, om tekens van Gods Koninkryk waar hulle leef en beweeg op te rig, om mense wat moedeloos en sinies geword het van hoop te voorsien.
- Gedurende die tweede kwartaal moet *die morele krisis* waarin ons verkeer onder die loep geneem word, die gebrek aan 'n burgerlike kontrak of 'n maatskaplike norm (soos Wilhem Jordaan dit gekenskets het). Daar is veel wat die kerk kan doen om veral op drie terreine – in die gesinslewe, by die skole en by die werkplek – mense moreel te bemagtig, het die VAM-kommissie gerapporteer. Die gemeentes gaan genooi word om by verskillende projekte in dié verband aan te sluit.
- Gedurende die derde kwartaal sal die komplekse saak van *armoede* aan die orde gestel word. 'n Omvattende handleiding vir gemeentes is opgestel waarin talle projekte – veral die versorging van die “armstes van die armes”, vigslyers en hul naasbestaendes – aanbeveel word. 'n Landswyse interkerklike kongres oor die bekamping van armoede en ongelykheid word in die vooruitsig gestel.
- Die laaste kwartaal van die jaar gaan aan *versoening* gewy word. Op nasionale vlak, streeksinode-vlak, maar veral in die plaaslike gemeentes en gemeenskappe sal mense uitgedaag word om na mekaar uit te reik, om misverstande uit die weg te ruim en om ou wonde te heel.

Om dit alles te vermag, het die VAM-kommissie onderneem om die gemeentes maandeliks met materiaal te bombardeer: preke en preeksketse, handleidings en wenke, 'n boek vol goeie-nuus-stories, spesiale materiaal deur die Vrouediens opgestel, kerse van hoop om tuis en in die kerk aan te steek en nog vele meer. Die samewerking van ander kerke is

verkry vir die aanbied van die armoedekongres en die organisering van 'n landswye Christenfees. Die Vlerke van Hoop-vrywilligersaksie word met die samewerking van talle kerke en nie-regeringsorganisasies ontwikkel.

Maar om Kierkegaard se ganse aan die vlieg te kry, sal meer as baie vergaderings en rustelose aktiwiteite nodig wees. Ek is daarvan oortuig dat die N G Kerk gedurende hierdie jaar met groot erns opnuut oor die wese van die kerk en oor sy getuienisaksie in die wêreld sal moet besin.

Ek wil graag oor laasgenoemde – oor die *getuienistaak* van die kerk gedurende die Jaar van Hoop – 'n paar opmerkings maak. Dit het die afgelope dekades al gewoonte geword om aan die hand van vier Griekse woorde die kerk se getuieniskanale te beskryf: *kerugma*, *diakonia*, *koinonia* en *leitourgia*. Dit sal ons loon om in die lig van ons planne vir 2001 die kanale nuut te bekyk en, indien nodig, hier en daar skoon te skrop.

4 KERUGMA

Noem jy die woord *kerugma*, praat jy van die verkondigingstaak van die kerk. Gedurende die Jaar van Hoop lê die onus op die predikante van die kerk om self op 'n (her)ontdekkingstog te gaan, om opnuut te besef wat die evangelie van die Koninkryk alles beteken, hoe groot en omvattend die boodskap van hoop in die Bybel (nie net in die Nuwe Testament nie, maar ook in die Ou Testament) is, watter vistas dit voor ons blootlê en watter eise en uitdagings dit aan ons stel.

As dit gebeur het, sal die res vanselfsprekend volg, dat dominees met groot oortuiging die fakkel van hoop aan hul gemeentelede deurgee. Ek kan my voorstel hoe regop die lidmate in die banke gaan sit – mense wat moeg en sinies en moedeloos geraak het – as die boodskap met oortuiging deurgegee word:

- van *God die Vader*, wat die Heer van God van die geskiedenis is, wat die verlede, die hede en die toekoms, die hele wêreld, ook ons eie privaat-wêreld in sy hand hou;
- van *Jesus Christus* wat gekom het om Gods Koninkryk op aarde te vestig, wat met sy koms, sy kruisiging, opstanding en hemelvaart sy Ryk gevestig het, wat met sy wederkoms finaal met die magte van die Bose gaan afreken, wat ons in die “tussentyd” as ambassadeurs van sy Ryk aangestel het;
- van die *Heilige Gees* wat ons Begeleier en Trooster op die pad van die Koninkryk is, van wie die Nuwe Testament getuig: “Die hoop beskaam nie want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het” (Rom 5:5), wat ons inspireer om ons hoop in aksie te omskep, om met ons oë op die verre toekoms hier en nou betrokke te raak.

Vanaf die kansel sal dié boodskap so helder en duidelik en inspirerend moet klink, dat gemeentelede met die boodskap op hul lippe huis toe en werk toe, skool toe en vriende toe sal loop. Want die uiteindelijke fakkel-draers gedurende die Jaar van Hoop is nie die dominees, selfs nie die ouderlinge en diakens nie, maar die lidmate, wat van Maandagoggend tot Saterdagagaand, dwarsdeur die week, dwarsdeur die samelewing beweeg.

Om dit alles moontlik te maak, kan die dominees – soos ook die lidmate – met reg van die teoloë in die kerk, by name van die drie teologiese fakulteite, verwag om hulle deel te doen. As die teologie-beoefening in die kerk kerngesond en geïnspireerd is, sal dit ook van die prediking in die kerk geld. Natuurlik moet die teologie as wetenskap beoefen word, is daar niks wat per definisie *nie* nuut ondersoek mag word nie, is daar nie vrae wat *nie* gestel mag word nie. ‘n Nuwe tyd, nuwe omstandighede, die konteks waarin ons leef, vra oorspronklike en kreatiewe denke. *Theologia reformata semper reformanda!* Maar netso belangrik, miskien nog belangriker – meen ek – is dat die teologie aan die kerk *sekerhede* verskuldig is. In ‘n wêreld waarin skynbaar alles op losse skroewe te staan gekom het, het gemeentelede nie net interessante diskussies nie, maar veral vaste oortuigings nodig, oortuigings waarmee hulle die vroeë in hul harte kan besweer, antwoorde waarmee hulle die eise van die dag tegemoet kan gaan, troos waarmee hulle kan lewe en sterwe.

Wat die kerk nodig het, is ‘n *Teologie van Hoop*. Gedurende die vyftiger jare van die vorige eeu, toe Europa ná die Tweede Wêreldoorlog in puin gelê het, het ‘n aantal teoloë na vore gekom wat ‘n vlam van hoop aan die brand gesteek het. Met Karl Barth se teologie onder die arm (sy oortuiging dat alle goeie teologie deur-en-deur eskatologie moet wees) het die Apostolaatsteoloë in Nederland, Hendrik Kraemer, J C Hoekendyk, A A van Ruler, om maar enkeles te noem, ‘n dinamiese koninkryksteologie ontwikkel wat ‘n geweldige invloed op die kerklike lewe uitgeoefen het. Lidmate het moed geskep; die missionêre arbeid het gebloei. In Duitsland en Switserland het talle dieselfde boodskap aan die orde gestel: die ou garde van Karl Hartenstein en Walter Freytag, Hans-Jochen Margull, Oscar Cullmann en hul medestanders, soos ook die jongeres onder aanvoering van Jürgen Moltmann. In Engeland het, heel onafhanklik van die kontinentale teoloë, Max Warren en sy kollegas hul eie Anglo-Saksiese Teologie van Hoop ontwikkel, wat insgelyks die kerklike lewe – bowe-al die sendingaksie van die kerke – ‘n hupstoot gegee het.

Die invloed van die Apostolaatsteologie, van die Teologie van die Hoop, het in ons eie land deurgewerk. David Bosch, Jaap Durand en hul mede-missioleë het wat hulle in Europa geleer het, huis toe gedra. Adrio König het hom later, as sistematiese teoloog, by hulle aangesluit. En die

kerk het die inspuiting nodig gehad. Die herlewing in sendingbelangstelling gedurende die vyftiger- en sestiger jare in die NG Kerk is beslis, onder andere, vanuit die Apostolaatsteologie gevoed.

Sou die proses hom na 'n halfeeu in ons land, aan ons teologiese fakulteite, kon herhaal? Die kerk, die dominees en die lidmate het dit broodnodig: 'n dinamiese Teologie van Hoop, waaraan teoloë van elke dissipline, die Bybelwetenskappe, die Sistematiese Teologie en Etiek, die Kerkgeskiedenis, die Praktiese Teologie en, les bes, die Missiologie, met groot entoesiasme meewerk.

5 DIAKONIA

Praat jy van *diakonia* het jy met die liefdesdiens van die kerk te make. En dit het alles op sy beurt met die Jaar van Hoop te make. Want oor die hoop wat ons het moet nie net gepraat en gepreek – en geteologiseer – word nie. Die hoop moet oë en ore, hande en voete kry. Die hoop moet geleëf word! Hoop vra toewyding en gehoorsaamheid van die gelowige. Max Warren het êrens geskryf: “In the Bible hope is the forward look of one who co-operates with the will of God – it is the correlative of obedience. The temper of hope is expectancy – the active energizing of the will of man towards fulfillment of the will of God... Obedience... is never mere obedience to an instruction, it is identification with a purpose” (1951:113).

En wat is God se doel? Dat die evangelie van sy Koninkryk op aarde verkondig word. Meer nog, dat tekens van sy Ryk op aarde opgerig word. Die gelowige durf nie terugsit nie. Vanuit die sekerheid van die “eendag” moet gelowiges in die “hier en die nou” betrokke raak.

Die Christelike hoop is nie wêreldvreemd nie, het niks met die spreekwoordelike “pie in the sky when you die, bye and bye” te make nie. Hoe sekerder ons van die eindoorwinning van Christus, van die nuwe hemel en die nuwe aarde wat op ons wag, hoe meer oortuig is ons van ons verantwoordelikheid ten opsigte van die wêreld waarin ons *nou* leef. Omdat ons weet dat die dag sal aanbreek dat daar geen honger en dors meer gaan wees nie, mag ons nou reeds betrokke raak by projekte om armes en hongeries en dorstiges by te staan. Omdat ons oortuig is dat die dag kom wanneer die trane van alle oë gevee gaan word, kan ons die hartseer van die mense om ons ons eie maak. Omdat ons droom van 'n tyd dat daar geen pyn en lyding gaan wees nie, wanneer siekte sal verdwyn, mag ons ons arms stompies werk om pyn en lyding, in al sy vorms te help verlig, langs die bed van 'n vigs-slagoffer ons plek inneem. Omdat ons in die verwagting van die dag leef wanneer die Vrededors finaal sy troon sal bestyg, die dag wanneer daar geen onreg meer sal wees nie, kan ons die pad van versoening stap, veg teen onreg in al sy gestaltes, al kry ons die wind van voor. Omdat ons vas glo dat

die uur kom wanneer almal wat in die grafte is, sal opstaan, mag ons nou reeds alles wat die lewe hier op aarde bedreig, teenstaan. Kortom, lidmate van die NG Kerk gaan in die jaar wat wag geroep word om waar hulle ookal kom *tekens* van die komende Ryk op te rig. Ons sal ons gemeentede daarop moet instel dat elke beker koue water, elke kombes, elke liefdesdaad, elke projek wat tydens die Jaar van Hoop aangepak word, veel meer as 'n stukkie noodleniging in die jaar 2001 is. Dis 'n heenwysing, 'n voorsmakie, 'n preek van die Ryk wat kom.

Vanselfsprekend beteken dit dat ons ons hande sal moet uitsteek, dat ons die prys wat dit van ons vra, sal moet betaal. Om in 'n diensknegsgestalte in die samelewing te beweeg, vra dat jy uit jou “comfort zone” sal moet tree, laag sal moet buk, soms plat in die stof sal moet kniel, misverstand sal moet trotseer, dat jy jou hand diep in jou sak sal moet steek. Maar so hoort dit! Christus het vir ons die voorbeeld gestel. Sy kruis is nie net die inhoud van ons boodskap, die kenteken wat ons teen ons mure en op ons dokumente aanbring nie. Dis ons *handleiding* van hoe ons te werk moet gaan, vir hoe ver ons bereid moet wees om op te offer en – as dit moet – te ly.

Die sukses van die Jaar van Hoop sal daarvan afhang of ons die lidmate van die kerk – almal van hulle, die oues en die jonges – kan betrek. Afgetredenes sal gelei moet word om hulle geleenthede raak te sien. Middeljariges, die wat vierkant in die beroepslewe staan, sal die geleentheid moet kry om hul talente aan te bied. Dieselfde geld van kinders en van jongmense. Veral jongmense! Wilhelm Jordaan vertel in sy reeds aangehaalde artikel dat alles in die land nie negatief is nie, dat daar in die jongste tyd 'n groeiende tendens onder jongmense - dié wat hul toekoms hier sien - te bespeur is: 'n behoefte is om hul kennis en vaardighede in ontnemde gemeenskappe aan te wend “om op eie werf iets konstruktiefs te doen”. Gaan die plaaslike gemeentede hulle hierin help?

6 KOINONIA

Die derde getuieniskanaal het met die begrip *koinonia* te make, met die gemeenskap van die gelowiges. Die kerk is nie net die agent van die Koninkryk, die draer van die boodskap nie. Die kerk is *deel* van die boodskap wat hy verkondig. Die kerk is die lewende *advertensie* van die Koninkryk. Gedurende die Jaar van Hoop sal ons met nuwe oë na ons gemeentes moet kyk, na hoe hulle is, hoe hulle hul roeping verstaan en hoe hulle funksioneer. Max Warren het interessante begrippe gaan haal om die gemeente in terme van ons eskatologiese verwagting te beskryf: as 'n “preparing community”, of as 'n “brotherhood of expectancy”. Jurgen Moltmann het 'n hele hoofstuk in sy *Theologie der Hoffnung* aan die “Eksodus-gemeente”, die “pyl van God wat afgeskiet het op die

toekoms” gewy (1965: 280 vv). David Bosch was lief om na die kerk as ‘n “sign and a sacrament” van die komende Ryk te praat, die “proeftuin van God” (1991: 374 vv).

Dis dinge waaraan ons in dié jaar moet gaan droom. Hoe lyk ‘n gemeente wat gerig is op die hoop? Soos ‘n pyl wat afgeskiet is? ‘n Gemeente wat die weg voorberei vir die Koning wat kom? ‘n Gemeente wat ‘n teken en ‘n sakrament - niks minder nie as ‘n voorsmaak - van die komende Ryk is?

Gedurende die Jaar van Hoop sal ons met nuwe erns aandag aan ons gemeentelewe moet gee. Met die woorde “As julle mekaar liefhet, sal die wêreld weet dat julle dissipels van My is” (Jh 13:34) het die Here Jesus die eerste kerk gekarakteriseer. Kwalifiseer ons?

Ons sal met eweveel erns aandag aan die versoeningstaak van die kerk moet gee. Omdat God ons in Christus met Homself versoen het, het Hy aan ons die bediening van die versoening toevertrou (2 Kor 5:17-21). Hoe ernstig gaan ons deur die jaar – veral gedurende die laaste kwartaal – hierdie opdrag ter harte neem? Om oor versoening te praat, om by versoeningsaksies betrokke te raak, is in ons land met sy geskiedenis van rassisme, verdeeldheid en verwydering – met die getuienisse van die Waarheidskommissie oor wat Suid-Afrikaners in die jongste verlede nog met mekaar gemaak het – ‘n moeilike saak. Maar dis ook ‘n wonderlike saak!

Om volgens die gebed van die Heilige Franciskus ons lidmate daarin te lei om instrumente van vrede te wees, om waar haat is liefde te saai; waar mense seergekry het, vergiffenis; waar daar twyfel is, geloof; waar daar wanhoop is, hoop te saai; waar daar duisternis is, lig; waar daar hartseer is, vertroosting; om nie te vra om altyd verstaan te word nie, maar om te verstaan; nie om liefgehê te word nie, maar om lief te hê, mag miskien nie die maklikste taak – in ons land en in ons omstandighede - wees nie. Maar dis die uitdaging wat op ons wag, as ons God se proeftuin in die wêreld wil wees.

Dit is my reikhalsende verlanje dat die eenheidsproses binne die NG Kerkfamilie juis in hierdie jaar ‘n nuwe dinamiek sal ontwikkel. Watter sterker getuienis dat die evangelie *werk*, is daar te lewer? Die onenigheid binne die familie, die gesukkel om bymekaar uit te kom, om na mekaar te luister en vir mekaar ruimte te maak en om mekaar se laste te begin dra, is niks minder nie as ‘n *skandalon*, ‘n streep deur ons getuienis in Suid-Afrika. Maar as dit sou gebeur dat ons nader aan mekaar kom, as op plaaslike vlak gemeentes mekaar omhels en versorg, as die nodige besluite op sinodale vlak geneem word wat ons onherroeplik op die eenheidspad plaas, sal dit - glo ek met my hele hart - ‘n stukkie van die hemel wees wat op aarde plek gekry het. Al die kerke in die land sal saam met ons hul klokke lui!

7 LEITOURGIA

Die laaste kanaal is dié van *leitourgia*, ons aanbidding, ons erediens, aan God. Van Ruler het destyds geskrywe dat as die *leitourgia* wegval, die ander drie aksies blote aktivisme is. Sonder leitourgia vorm *kerugma*, *diakonia* en *koinonia* ‘n “afgeknotte kegel” (Kritzinger, Meiring, Saayman 1964:38). Ten diepste is die kerk se getuienis tot God gerig, die God wat ons aanbid en deur middel van ons optrede in die kerk en in die wêreld dien. Ons erediens begin Sondae in die kerk, maar downwardseur die week word dit in die wêreld voortgesit. Elke dag wy ons opnuut ons lewens “as lewende en heilige offers aan God, offers wat vir Hom aanneemlik is” (Rom 12:1).

Gedurende hierdie jaar sal ons onself moet afvra: vind die hoop wat ons koester praktiese neerslag in die liturgie? In die erediens, waar die evangelie van die Koninkryk verkondig word, waar lidmate saamkom om fees te vier, waar die pelgrimsgemeente by die doopvont van God sy padkaart ontvang, waar broers en susters aan die nagmaalstafel die dood van die Here gedenk *totdat Hy kom*, dáár, in die gemeente, word nie net ‘n voorsmaak van die hemel beleef nie, maar ontvang die gelowiges Sondag vir Sondag toerusting en inspirasie vir die pad wat voorlê, vir hul getuienis in die wêreld.

8 GLANSENDE GESIGTE

Ek het my rede met ‘n verwysing na die plaasgansdefinisie van Christene, die verhaaltjie van Sören Kierkegaard begin. Daar is egter ook ‘n ander definisie moontlik. Jare gelede het die bekende Engelse sendingkundige, Lesslie Newbigin, ons land en ook die Universiteit van Pretoria besoek. Tydens ‘n konferensie op ons kampus het hy aan die praat geraak: “In Sri Lanka leer ‘n mens hoe om groot waarhede eenvoudig te sê. As mense my vra hoe ‘n Christen lyk, het ek dit altyd so verduidelik: In die Singalese dorpie waar ek gewerk het, ‘n paar myl buite die stadsgrense van Colombo, moes die inwoners baie vroeg in die oggend, nog voor sonop, opstaan om werk toe te stap. Ek het dikwels saam met hulle opgestaan om my gemeentelede te groet en ‘n paar woordjies te wissel. Dit het my meer as een keer opgeval: terwyl die mans en vroue in die halfdonker deur die strate gestap het, het hul gesigte begin blink. Dit was amper spookagtig! Terwyl hulle voete en hul lywe nog in die donker gehul was, was die glans op hul gesigte onmiskenbaar. Die geheim was eenvoudig. Die mense het ooswaarts stad toe gestap, in die rigting van die opkomende son. Terwyl hul voete nog in die rookmis en newels verberg was, het die son op hul gesigte weerkaats. Só lyk Christene, het ek verduidelik. Hulle is mense wat in die rigting van die opgaande son, die Son van Geregtigheid, stap. Christene is mense op wie se gesigte die glans van die Here skyn” (Meiring 1989:11).

Mag dit van ons kerk gesê word in die twaalf maande wat voorlê, dat terwyl ons beslis nie alles weet nie en ook nie alles regkry nie – met ons voete nog in die newels, ons tone nerfaf gestamp teen die klippe in die pad – ons nogtans in die rigting van die Son aan die stap is, dat sy strale op ons gesigte weerkaats.

As dit gebeur, gaan ons nie net ‘n Jaar van Hoop tegemoet nie, maar ‘n Seisoen van Hoop.

Literatuurverwysings

- Bosch, D J 1979. *Heil vir die Wêreld*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- , 1991. *Transforming Mission. Paradigm Shifts in Theology of Mission*. Maryknoll: Orbis.
- Cullmann, O 1946. *Christus und die Zeit*, Zürich: Sollikon.
- , 1950. “Mission and Eschatology” in *Evangelische Missions Magazin*.
- Du Rand, J 1961. *Una Sancta Catholica in Sendingperspektief*. Amsterdam: Ten Have.
- Freytag W 1942. “Mission im Blick aufs Ende” in *Evangelische Missions Magazin* 3.
- , 1961. *Reden und Aufsätze I,II*, München: Cur Kaiser Verlag.
- Hartenstein, K 1950. “Mission und Eschatologie” in *Evangelische Missions Magazin*.
- Hoekendijk, J C 1964. *De Kerk Binneste Buiten*. Amsterdam: Ten Have.
- Jordaan, W 2001. “So kan Suid-Afrika gesond word” in *Rapport*, 21 Januarie 2001:15.
- Kierkegaard, S 1958. *The Journals of Sören Kierkegaard*. A Selection, edited and translated by Alexander Dru. Oxford: Collins (Fontana).
- König, A 1980. *Jesus die Laaste*, Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Kraemer, H 1961. *Religion and the Christian Faith*. London: Lutterworth.
- Kritzinger, J J, Meiring, P G J, Saayman, W A 1994. *On Being Witnesses*, Halfway House: Orion.
- Margull, H J 1959. *Theologie der missionarischen Verkündigung*. Stuttgart: Evangelisches Verlagswerk.
- Meiring, P G J 1989. *Die Gemeente as Bondgenote in Verwagting*. Potchefstroom: IRS.
- Moltmann, J 1965. *Theologie der Hoffnung*. München: Chr. Kaiser Verlag.
- Van Ruler, A A 1954. *Theologie van het Apostolaat*. Nijkerk: Callenbach.
- Warren, M A C 1948. *The Truth of Vision*. London: Hodder and Stoughton.
- , 1951. *The Christian Mission*. London: SCM Press.
- Whitley, O R 1969. *The Church: Mirror or Window?* St Louis: Bethany.